

1. VOETE:

Habakuk 3:19

Die Here my God gee vir my krag. Hy maak my voete soos die van 'n ribbok, op hoë plekke laat Hy my veilig loop.

2. BENE:

Deuternomium 6 :14

Jy mag nie agter ander gode aanloop nie,... want die Here jou God eis onverdeelde trou aan Hom.

3. HEUPE:

Lukas 12:35

Wees gereed, die heupe omgord en die lampe aan die brand.

4. BORS: (HEMP) Hart

Johannes 3:16

God het die wêreld so liefgehad dat Hy sy enigste Seun gegee het sodat die wat in Hom glo nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê

5. KOP:

Spreuke 4:23

Wees veral versigtig met wat in jou hart omgaan, want dit bepaal jou hele lewe.

6. ARMS:

Psalm 89:14

U het 'n magtige arm,
sterk is U hand, kragtig is U regter-
hand.

7. HANDE:

1 Samuel 10 :6

Ek bid dat die Gees van die Here
kragtig in jou sal werk.
Dat jy 'n profeet van God sal wees
en dat jy sal doen wat jou hand vind
om te doen.

8. OE

Mattheus 20: 33

Hulle antwoord Hom: Here, dat ons
oë geopen mag word.

9. Ore (hoor)

Jeremia 22:29

o Land, land, land,
hoor die woord van die Here !

10 MOND.

Exodus 4:12

Gaan dan nou heen, en Ek sal met
jou mond wees en jou leer wat jy
moet sê

Brei is terapie.

Bid+Brei = Dubbele terapie.

Hierdie is nie 'n gewone, gebreide beertjie nie.
Dié beertjie bring boodskappe van Jesus. 'n
Boodskap vir die tannies wat brei en ook vir
die mens wat die beertjie kry

God self roep tannies om bidbeertjies te brei.
Terwyl die tannies brei, gesels hulle met God
oor dié onbekende ontvanger. As hulle die
voete brei, bid hulle vir voete soos 'n ribbok.
Habakuk 3 :19 Dan bene dwars deur die hele
lyfie.

Elke Teddietannie maak 'n gelofte om steeds
vir elke ontvanger te bid. Sy weet nie waar
haar "wolkind" swerf nie- maar God weet.

Die bidbeertjie is 'n saamslaap troetelmaatjie,
of selfs 'n kussinkie onder jou kop, want kom
donkeraand-slaaptyd is baie kortmense, hard-
ekwas tieners en versteende volwassenes se
harte maar jellie.

'n Laaste ietsie voor die ontvanger aan die
slaap raak is om die boodskap op die beertjie
se bors te "lees." Hardop te sê: "**JESUS
LOVES ME**" en met daardie gedagte aan die
slaap te raak. Môreoggend is dit die eerste
boodskap vir 'n nuwe dag.

Die Heilige Gees maak deure oop vir Tt om
bidbeertjies weg te gee en so mense te
"bless", te troos en te bemoedig Die bid-
beertjie herinner die ontvanger dat daar ie-
mand is wat gereeld vir hom/haar bid.

OPDRAG: Brei bidbeertjies

2014. 10 .29



Openbaring 3 : 8

Ek weet alles wat julle doen.

Kyk,

**Ek het 'n deur voor julle
oopgesluit en**

niemand

kan dit weer toesluit nie.

Ek weet dat julle

min krag het, en tog

**het julle aan my boodskap
vasgehou en My nie verloën**

nie.